

## Gedagte vir die dag

Na 6 jaar se studies en nou weer na amper 7 jaar op Stellenbosch, sien ek dit elke dag van ver af. Tog dink ek nie sien ek dit meer aldag raak nie. Waarvan praat ek?

### *Stellenbosch berg*

Hierdie rustige reus wat vir eeue waghou oor die stuk aarde langs Eersterivier, is al deur honderde (duisende?) pelgrims uitgeklim, geklouter, gestap of gedraf... sommige was studente, ander avonturiers en sommige, soos ek, net bloot nuuskierig. So word ek dan ook verlede Saterdag een van diegene wat kan sê dat ek al teen die berg uitgestap het.

Hierdie staptog het ek egter nie alleen aangepak nie. Soos die meeste onbekende avonture en roetes, pak ek hierdie een ook toe nie op my eie aan nie. My medepelgrim se uitnodiging staan al lank.



Hy ken die paaie teen die berg uit.

Hy het my al vertel van die kruis bo op die berg.

Ek wou gaan kyk het hoe lyk dit van daar bo...

*So word 'n 3 kilometer stap tot bo by die kruis op Stellenbosch se berg 'n pelgrimstog vir my.*

*Hoe het dit dan gebeur?*

Dit het nie lank geneem vir die gesprekke om plek te maak vir stiltes nie. Stiltes wat deur my asemhaling (gehyg!) en die gegruis onder my skoene, tydig en ontydig verbreek is. Hier en daar moes ons stop en kyk. Hy het dit vir my eerste gewys. En toe begin ek dit self later ook raaksien. Die blomme tussen die fynbos. Nie groot, indrukwekkende koning-proteas nie. Klein, amper minuatuuragtige blommetjies. Volmaak in elke sin van die woord.

*Dit nooi jou uit.*

*Dit nooi jou nader.*

*Dit vra jou om stil te staan en te kyk... dieper te kyk.*

En met Coetzenburg en Stellenbosch wat al verder agter ons begin lê, kom ons uiteindelik tot bo. En daar staan dit toe. 'n Kruis... Hoe dit daar gekom het en wie dit tot daar gedra het, weet ek nie. Maar uit die verhale teen die kruis en die voetpaaie daarheen, kan ek raai dat dit al dikwels besoek is.

Ons was nie die eerste of laaste besoekers daardie Saterdagoggend nie. Iemand het reeds daar gesit en net voordat ons weer afgestap het, het daar ook 'n paar stappers/drawwers (pelgrims?) opgedaag.

En toe ek uiteindelik besef dat ons weer die pad na wêreld "daaronder" moet aanpak neem ek 'n sluk water en staan op, gereed om te stap. Maar toe vra my mede-pelgrim my of ek nie sal bid nie.

*En toe gebeur daar iets heilig.*

Die twee van ons begin praat. Dieper. Met mekaar en met die Here. Daar by die voet van die kruis. Soos soveel ander wat voor ons daar was.

En die kruis staan geduldig in die wind en weer.

En die Here luister net so geduldig, terwyl ons woorde onbeholpe probeer sinmaak van wat ons eintlik nodig het in hierdie tyd. Ons sukkel om dit te sê. Vir mekaar en vir die Here.

*Die terugstap was stiller.*

En soos wat Stellenbosch ons weer terug in haar arms innooi, dink ek terug aan wat gebeur het op die die berg – by die kruis... of dalk was dit alreeds op pad daarheen? En toe kom die woorde van vorige pelgrims by my op...

**Lees** Lukas 24:32

*Hulle sê toe vir mekaar: “Het ons hart nie warm geword **toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?”***

Dalk is dit wat met ons ook gebeur het, terwyl ons as 2 pelgrims saam gestap het teen 'n berg uit **en** terug van 'n ontmoeting by die voet van 'n kruis?

Dalk het ons ook in mekaar se praat en die stem van die wind, in die blomme en berge iets van die opgestane Here beleef? Gehoor?

*Ek sal nie weer dieselfde na Stellenbosch berg kan kyk nie, want daar bo staan 'n kruis en die pad daarvandaan is heilig.*

Mag jy die medepelgrims op jou lewensreis raaksien en waardeer.

Mag jy die moed hê om jou berge te klim.

Mag jy stil raak iewers by 'n kruis vandag.

Ek vermoed die Here wil met jou praat...

**Om oor na te dink:**

- Waar is die kruise in jou lewe waar jy kan stop en stilraak?
- Wie is die mede-pelgrims op jou pad?



Groete,  
Dolf